Die Afrikaner
Sedert 1970
R10
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898 Nr 2156 12 Maart 2021

# Los blanke grond uit: gebruik staatsgrond eerste

Die vraag oor hoeveel grond die staat besit, hetsy nasionaal, provinsiaal, munisipaal of in die name van staatsbeheerde maatskappye, het weer relevant geword nadat dit bekend geword het dat die "Matjhabeng" plaaslike munisipaliteit 139 plase as sekuriteit bied vir sy skuld van R3 miljard. Dit sluit in Allanridge, Hennenman, Odendaalsrus, Ventersburg, Virginia en Welkom in die Vrystaat. Die plase se totale waarde beloop in die omgewing van R5 miljard. Die totale grootte van die plase is nie bekend nie.

Dit is ook onduidelik waarvoor die plase tans gebruik word. Die burgemeester van die munisipaliteit, ene Nkosenjani Speelman, kon nie antwoorde aan die portefeuljekomitee vir samewerkende regering en tradisionele sake (Cogta) gee oor waarvoor die plase tans gebruik word nie en of dit enigsins tot voordeel van inwoners gebruik word nie. Die munisipaliteit is tans die grootste enkele grondeienaar in die gebied.

In 2013 is daar reeds 'n oudit gedoen op staatsgrond. Alhoewel alle staatsoudit met 'n knippie sout geneem word, omdat hulle statistieke vanaf 1994 al onbetroubaar is, gee dit tog 'n interessante prentjie.

Volgens daardie oudit besit die staat 17 061 882 hektaar, oftewel 17% van die totale grond van 121 924 881 hektaar in die land. Daarbenewens is daar nog 8 360 527 hektaar (7%) wat staatsgrond is maar nie geregistreer is nie. Ou tuislande, wat waarskynlik alles deur swartes besit word, beslaan 16 035 593 hektaar, wat nóg 13% is.

Volgens die oudit is 96 550 791 hektaar in private besit, alhoewel 'n latere grond oudit van 2017 daardie syfer aandui as 89 523 044 hektaar. Die 2017-oudit het probeer vasstel in wie se besit privaatgrond is. Daaruit blyk dit dat Kleurlinge reeds 15% van die private grond het, Indiërs 5% en Swartes 4%, en dan is daar 1% wat in vennootskap is, waarvan waarskynlik ten minste die helfte in swart besit is. Dit maak ongeveer 7,5% van die hele land se grond uit.

Dus, as net die staatsgrond en die tuislande se grond geneem word, beteken dit dat 37% van die grond direk onder swart beheer is, en as die privaatgrond in nie-blanke besit bygesit word, beteken dit dat Swartes reeds sowat 45% van die grond onder hulle beheer sal hê. Hierdie reeds twyfelagtige syfers is egter

*(Vervolg op bladsy 15)*

Die Redakteur

# Selektiewe “regte”

Prof. Koos Malan het enkele jare gelede by TLU SA se kongres ‘n toespraak gelewer oor die “Ongewaarborgde waarborge van die Grondwet”. Daarin het hy onbetwisbaar uitgewys dat die sogenaamde waarborge van die land se grondwet in wese niks waarborg nie. (Terloops, ons gebruik juis die kleinletter om na dié grondwet te wys om ons minagting daarmee uit te druk.)

Dieselfde kan waarskynlik gesê word van die sogenaamde Handves van Menseregte. Soos George Orwell dit in sy boek “Animal Farm” gestel het: “Almal is gelyk maar, sommiges is meer gelyk as ander”. In die Suid-Afrikaanse konteks gestel sou dit iets wees soos: “Almal het menseregte, maar sommige het meer regte as ander”.

Daar kan begin word by die hooggeroemde artikel 235 van die grondwet wat handel oor die “regte” van minderhede. Dit was ‘n paaiklousule wat destyds ingebring is om die Afrikaners die indruk te gee dat daar ‘n moontlikheid vir selfbeskikking sou wees. Meer as ‘n kwarteeu later het daar dadels van gekom, want dié artikel meld dat wetgewing opgestel moet word om gestalte daaraan te gee. Toe die Boere-Afrikanervolksraad enkele jare gelede die toenmalige adjunkpresident, Cyril Ramaphosa, in die Uniegebou daaroor gaan sien het, het dit duidelik geblyk dat daar van daardie “reg” geen sprake is nie. Hy het die saak verwys na die ANC-hoofkantoor “om hulle te oortuig”. Duidelik is dit geen reg nie, maar hoogstens ‘n aalmoes.

Die grondwet praat van die reg op lewe. Die moordsyfer in Suid-Afrika beloop tans ongeveer 53 per dag, oftewel meer as 19 000 per jaar. Daardie slagoffers het duidelik geen reg op lewe gehad nie, en die ergste is dat, sodra ‘n moordenaar vasgetrek word, skop daar vir hom méér regte in as vir die slagoffers of hulle agtergeblewenes – die reg op ‘n billike verhoor, die reg om op borgtog vrygelaat te word, die reg op ‘n koningslewe in die gevangenis...

Die “regte” van kultuurgemeenskappe (die reg om van ‘n volk te praat het al feitlik verdwyn) is ook nie veel meer werd as die papier waarop dit geskryf staan nie. Die jongste voorbeeld daarvan is die Universiteit van Stellenbosch wat nou in ‘n taalskandaal gewikkel is, omdat die reg om Afrikaans te praat, eenvoudig verbied word. Dié eens Afrikaanse instelling van uitnemendheid het homself so voor die linkse en selfs feitlik kommunistiese karretjie van die huidige bewindhebbers laat inspan, dat hulle hulself verregaande optrede gemagtig het. Die verengelsing wat hulle nou wil afdwing is soortgelyk aan die dwangmaatreëls deur die kommuniste in die Sowjet-Unie en agter die Ystergordyn. Afrikaanssprekende studente mag nie eens met mekaar in hulle moedertaal kommunikeer nie, selfs al is hulle net twee bymekaar. Taal-”regte” word dus ernstig aangetas, en as Stellenbosch daarmee wegkom, gaan die domino’s begin val tot by die laaste een.

Vryheid van spraak is ook een van die “regte” wat selektief toegepas word. Laat ‘n blanke net iets sê wat verlangs kan ruik na “rassisme”, is die Menseregte Kommissie onmiddellik op die toneel. As swartes blankes bedreig, of hulle duidelik neerhalend en beledigend “Burre” noem, kom hulle weg daarmee, want sommiges is meer gelyk as ander!

Die Covid-pandemie het ook ‘n streep deur “regte” getrek. Die “Covid Bevelsraad”, wat mens aan ‘n diktatuur laat dink, het die reg van vrye beweging ingeperk, die reg van vrye meningsuiting is beperk, want geen woord mag gepraat word wat enigiets oor Covid of sy maatreëls in twyfel trek nie, die reg van vrye godsdiensbeoefening is weggeneem omdat kerkdienste verbied is, die reg tot sosialisering is vertrap deur die toemaak van sosiale plekke, en selfs die reg tot menswaardigheid is vertrap deurdat bejaardes as gevangenes in hul klein kamertjies van ouetehuise aangehou is sonder dat hulle kinders vir hulle mag kom kuier. Daarteenoor het die ewe bejaarde “Covid Bevelsraad” gekom en -gaan soos hulle wil, want sommiges is meer gelyk as ander.

Die jongste reg wat onder druk gaan kom is om te mag besluit oor wat met jou mag gebeur en wat nie. Kinders kan al van 14 jaar af aborsies ondergaan sonder hulle ouers se toestemming, want hulle het die “reg” om oor hul eie liggame te besluit. Eersdaags gaan gewone landsburgers nie die reg hê om te besluit of hulle die Covid-entstof wil ontvang nie. Dit gaan feitlik verpligtend gemaak word, en indien mense dit nie wil neem nie, gaan jou reg tot sosialisering en die reg om die wêreld deur te reis, ontneem word.

Die kommunistiese diktatuur kruip al nader en mense besef dit nog net nie.

# So is ons verraai (37)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

## APARTHEID, 1948-1994 (27)

Intussen het talle van die voorstelle wat die NP in die werkgroepe en op ander geheime vergaderings in die aanloop na KODESA 2 gemaak het, tydens die verloop van die verrigtinge eenvoudig weggeval, aldus Mandela. Gedurende Mei 1992 kon KODESA 2 self nie die verskille oplos nie. Die NP het voorgestel dat 'n 75% meerderheid in 'n Grondwetgewende Vergadering vereis moes word om al die klousules in die finale grondwet goed te keur. So 'n Grondwetgewende Vergadering moes uit twee kamers bestaan: die eerste kamer se lede moes in 'n een mens een stem-verkiesing verkies word, en die tweede kamer moes 'n onverkose senaat wees waarin die NP en sy tuislandvennote 'n vetoreg sou hê. Die ANC het dié voorstel verwerp en KODESA 2 het ná twee dae van onderhandeling in duie gestort (*Mandela: 721-722; Sparks: 104-106*).

Die ANC het sy alternatiewe oorweeg. 'n Groep van sy senior leiers was uit die staanspoor nie ten gunste van "onderhandelings" nie en het Operasie Vula geprakseer. Wapentuig is oral in die land gestapel vir 'n militêre aanslag op die blanke regering in "*a people's war*". Dit was egter 'n verbeeldingsvlug van dromers wat nie die werklikheid in die gesig kon of wou staar nie: MK was maar 'n patetiese karikatuur van 'n gevegsmag wat uitdelging net kon vermy deur 'n konfrontasie met die Suid-Afrikaanse Weermag te vermy. Dit het in 'n skamele 4% van die SAW se militêre kontak operasies gedurende die 1980's, geveg gevoer (*Van Zyl Slabbert: 42*). Gevolglik het die ANC hom toegespits op dit waarin hulle uitgeblink het: hulle het 'n veldtog van voortslepende massa-aksie van stapel gestuur in 'n hernude poging om die land onregeerbaar te maak. 'n Ongeëwenaarde reeks stakings, boikotte, straatbetogings en geweld in die swart woonbuurte het gevolg (*Sparks:107-109; 128*). Inkatha-ondersteuners het erg onder dié geweld deurgeloop en baie van sy leiers is in lafhartige sluipmoorde om die lewe gebring. Die hoë voorkoms van moorde op Inkatha-leiers het verdere bewys gelewer dat 'n Inkatha/ANC-magstryd, en nie 'n "derde mag" nie, vir die geweld verantwoordelik was. (*Jonker: 194; Potgieter: 71*).

Gedurende die daaropvolgende oproere, aksies en teenaksies het Inkatha-lede talle inwoners van die ANC beheerde plakkerskamp, Boipatong — 'n swart woonbuurt naby Vanderbijlpark in Transvaal — vermoor. Na wydverspreide beskuldigings dat die staat se veiligheidsmagte medepligtig daaraan was, het Mandela die onderhandelinge met die regering beëindig. Die regering het natuurlik die bewerings ontken.Of dit waar was al dan nie, die ANC self se hande was allesbehalwe skoon.

Die ANC se belofte om die land onregeerbaar te maak, het gesorg dat die swart woongebiede al dieper in 'n afgrond van dood en vernietiging gesink het. Teen Augustus 1992 het die ANC-alliansie die grootste staking in die land se geskiedenis van stapel gestuur toe meer as 4 miljoen mense van hulle werk weggebly het. Aangemoedig deur sy sukses het die ANC besluit om sy "struggle" ook in die tuislande te versnel en vroeg in September 1992 het dié organisasie gepoog om die regering van die Ciskei omver te werp met 'n massa-optog in Bisho, die hoofstad van hierdie tuisland. 'n Hofbevel het die betogers verbied om verby 'n stadion wat net buite die dorp is, te beweeg, maar trou aan hulle aard, is die bevel geïgnoreer en het hordes van hulle probeer om verby die stadion te storm, waar hulle hulle rieme teen die Ciskeise leër styfgeloop het. Die ANC het hierdie nederlaag egter spoedig in nog 'n propaganda-oorwinning omgeswaai deur die "Bisho massamoord" op die brood van die NP-regering en sy "Bantoestans" te smeer. Gedurende hierdie fase van die ANC se veldtog van voortslepende massa-aksie het die regering selfs die powere weerstand wat dit tot nog toe teen die ANC getoon het, laat vaar (*Sparks: 115-117*).

Alhoewel KODESA opgeskort was, het die regerende party en die ANC nie hulle interaksie gestaak nie. Kort na die "Bisho-massamoord", het 'n reeks bilaterale gesprekke gedurende September 1992 plaasgevind. Roelf Meyer en Leon Wessels het nou as die "nuwe" onderhandelaars van onderskeidelik die regering en die NP na vore gekom. Die ANC het veertien eise gelys waaraan voldoen moes word alvorens hulle formele onderhandelings sou hervat. Dit het onder andere die volgende ingesluit:

*(Vervolg op bladsy 4)*

*(Van bladsy 3)*

i. 'n "Grondwetgewende Vergadering" wat deur 'n gewone meerderheidstem verkies sou word, moes alleen 'n finale grondwet skryf;

ii. mederegering deur die ANC in 'n tussentydse regering gedurende die aanloop tot 'n veelrassige verkiesing;

iii. die onmiddellike en onvoorwaardelike vrylating van "politieke gevangenes" waaroor daar nog dispuut was (insluitend rowers en ter dood veroordeelde halssnoermoordenaars);

iv. 'n verbod op die dra van "tradisionele wapens" by betogings; en

v. hostels wat deur migrante werkers bewoon was, moes "afgekamp" en permanent bewaak word. (Die laaste twee maatreëls was duidelik teen *Inkatha* gemik).

Namens die regering het Roelf Meyer aan elke eis toegegee, en die ANC/SA Kommunistiese Party-afvaardiging het vir 'n verdaging gevra sodat *"we could withdraw to our own chamber and burst out in laughter"* (*Du Toit: 72; Van Zyl-Slabbert: 49; Jonker: 189-191*). Hoofman Buthelezi het dadelik sy verhouding met De Klerk beëindig.

Met die ANC nou stewig in beheer van die "onderhandelinge", het dié party op 26 September 1992 'n "Rekord van Verstandhouding" met die regering geteken waarin die partye hulself onder andere verbind het om veelparty onderhandelinge te hervat. Daar het egter nie veel oorgebly om oor te onderhandel nie: die NP het uiteindelik die beginsel aanvaar dat 'n Grondwetgewende Vergadering wat deur 'n gewone meerderheidstem verkies sou word, 'n finale grondwet sou skryf sonder die invloed van 'n hoërhuis. Feitlik die enigste uitstaande kwessie was die meerderheid persentasies wat so 'n liggaam oor voorstelle vir 'n nuwe grondwet moes bereik (*Mandela: 726*).

Gedurende die volgende maand (Oktober 1992) het die ANC die gedagte van "regering van nasionale eenheid" ná die eerste "nie-rassige" verkiesing aanvaar; gevolglik het die NP/ANC teen Desember 1992 ooreengekom dat minderheidspartye wat meer as 5% in die eerste "nie-rassige" verkiesing sou behaal, kabinetsministers in verhouding tot hulle kiesersteun, kon nomineer. Hierdie reëling sou egter na vyf jaar beëindig word (die sogenaamde sons-ondergang-klousule) en geen minderheidsparty sou 'n vetoreg hê nie. Omdat die ANC nog nie 'n eie burokrasie gehad het nie, sou staatsamptenare in hulle poste aanbly, en amnestie sou aan sekere amptenare in die veiligheidsmagte verleen word. (Dié reëlings het ongetwyfeld baie daartoe bygedra om De Klerk se aansien en steun onder staatsamptenare te versterk).

Tevrede dat oorname deur 'n Swart regering onafwendbaar en net 'n kwessie van tyd was, het die internasionale gemeenskap van 1991 af begin om sanksies en boikotte op te hef totdat ook die VN se wapenverbod uiteindelik in Mei 1994 opgehef sou word (*Davis, D.M. et al.: 20*).

Die ANC se poging om die Ciskei-regering omver te werp, De Klerk se toegeeflikheid oor die ANC se eise met betrekking tot *Inkatha*, en die regering se genadelose politieke veldtog teen Boere-Afrikaner-nasionalisme het almal, swart en wit, wat etniese selfbeskikking hoog geag het, laat besef dat hulle hul in dieselfde bootjie bevind het teen die NP/ANC-bondgenootskap. Gevolglik het hoofman Buthelezi, die KP, die regerings van die Ciskei en Bophuthatswana en sekere ander organisasies in Oktober 1992 'n losse alliansie genaamd "COSAG" (Concerned South African Group) gestig. Hulle gemeenskaplike doel was die behoud van etniese selfbeskikking. Dit is merkwaardig dat De Klerk, ná sy reuse oorwinning in die referendum vroeër in die jaar, teen die einde van 1992 wetgewing deur die parlement gevoer het wat weggedoen het met parlementêre tussenverkiesings. Daarmee was die moontlikheid van parlementêre weerstand deur die wit kiesers-korps finaal van die baan (*Jonker: 196; Potgieter: 21*).


## *Die Afrikaner*

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

**Uitleg en tegniese versorging:** Juanita Powroznik

**Medewerkers:** Mnr. Andries Breytenbach, Mnr. Hermanus van der Schyff, Mev. Alet Murray, Ds. Gideon Grobler, Mnr. Rudolf Buitendach

# Die Program van Beginsels van die HNP — Grondwet vir die Boere-Afrikanervolk (2)

**Andries Breytenbach**

Die tweede uitgawe van die Program van Beginsels begin met die volgende woordverklaring:

> *"Die begrip Afrikaner, waar dit in hierdie dokument voorkom, sluit ook die begrip Boer in en andersom."*

In 1969, toe die HNP gestig is, was die benaming 'Afrikaner' algemeen gebruik om na ons volk te verwys. Dit was onomstrede en niemand het getwyfel oor wie of wat 'n Afrikaner en die Afrikanerdom is nie. Daar is sonder meer aanvaar dat ons die nasate of erfopvolgers is van diegene wat in die tydperk van die Groot Trek algemeen bekend was as die Voortrekkers. Die benamings 'Afrikaners' en 'Boere' vir ons volk was ook toe reeds in gebruik. Nadat die Voortrekkers gevestig geraak het en nuwe geslagte in die republieke wat hulle geskep het, gebore is, het dié naam as volksbenaming minder gebruiklik geraak en het die name 'Afrikaners' en 'Boere' voortgeleef — laasgenoemde waarskynlik veral omdat die volk hoofsaaklik boerdery as beroep en lewenswyse beoefen het. Dié benaming het veral wêreldwyd bekend geword vanweë die vryheidsoorloë wat deur Brittanje op ons afgedwing is. Veral in Europa was ons volk bekend as die *Boerevolk*. Dit was 'n erenaam vir die Europeërs en vir ons; vir die Engelse was dit 'n skeldnaam. Onder ons eie mense het 'Afrikaner' as volksnaam ook bly voortleef. Ná die Tweede Vryheidsoorlog en unifikasie het die benaming 'Afrikaner' algemeen gebruiklik geraak om na ons volk te verwys. Dit was 'n versamelnaam vir die burgers van die voormalige Boererepublieke en die Afrikaners van die Kaap en Natal, en dit het ons van die Engelssprekendes saam met wie ons in een staatsbestel gedompel is, onderskei. Van tyd tot tyd het ons steeds na onsself as 'Boere' verwys om ons afkoms en sentiment met die heldedom wat hulle tydens die Tweede Vryheidsoorlog onderskei het, weer te gee. (Natuurlik het dit enige assosiasie met die Boere-joiners en –hendsoppers uitgesluit!).

Onder die regerings van genl. Hertzog (voor sy samesmelting met die Engelsgesinde genl. Smuts), en veral sedert 1948, toe die Nasionale Party aan bewind gekom en ons volk se nasionale strewe al sterker praktiese beslag gekry het, het die eenheidsgevoel onder die Afrikaners toegeneem.Met Republiekwording onder dr. Verwoerd het dit 'n hoogtepunt bereik.

Ná die sluipmoord op dr. Verwoerd het daar onder sy opvolger, mnr. John Vorster, 'n ommekeer gekom toe dié die tradisionele beleid van die Nasionale Party begin versaak het. Namate sy opvolgers op sy politieke koers voortgestorm het, het die verdeeldheid in Afrikanergeledere toegeneem en met FW de Klerk se verraad het dit só 'n laagtepunt bereik dat 'n deel van die volk hulle weer op die 'Boere'-naam beroep het om hulle van daardie volksdeel wat De Klerk ondersteun en gevolg het, te onderskei. (Dié onderskeid het ook uitdrukking gevind in die benaming 'Afrikaanses' vir die liberale volksdeel om hulle te identifiseer en te onderskei van die behoudende of nasionale Afrikaners). Ten einde dié sentimente te akkommodeer, het die Hoofbestuur wat die Program van Beginsels hersien en meer vaartbelyn en toepaslik vir die huidige omstandighede gemaak het, die bostaande *Woordverklaring* ingevoeg.

Die eerste artikel van die Program van Beginsels lui:

> *"Die naam van die Party is Die Herstigte Nasionale Party, afgekort as HNP."*

'n Naam is nie sommer net 'n naam nie; dit het betekenis en verteenwoordig selfs geskiedenis. Die HNP het tot stand gekom as 'n reaksie teen die Nasionale Party (NP) se afwyking van die tradisionele apartheidsbeleid, toe dié party besluit het om rasgemengde sport in Suid-Afrika toe te laat. Maar dit het oor méér gegaan as sportwedstryde. Sport was 'n simptoom van 'n dieperliggende liberale gees wat reeds die binneweefsel van die NP binnegedring het. Terwyl dr. Albert Hertzog, die eerste leier van die HNP, nog 'n Volksraadslid van die Nasionale Party was, het hy in 'n toespraak op 1 Oktober 1969 die saak in sy kern raakgevat toe hy verklaar het: "Dit gaan nie oor sport nie... Dit gaan oor die liberalisering van die Nasionale Party... Die tradisionele beginsels van ons volk (moet) stuk vir stuk oorboord gegooi word. En daarom moet elkeen wat hierdie liberalisering teengaan uit die pad gestamp word." Die redenasie agter die keuse van 'n naam vir die nuwe party was dus dat die Nasionale Party die beginselbasis waarop dit tot op daardie tydstip gevestig was, versaak het en daarom nie meer met

*(Vervolg op bladsy 15)*

# Buiteland
*kortliks*

## Nuwe Fraksie in Europese Parlement

*Mattio Salvini*

Die kans dat die regse groepering of fraksie in die Europese Parlement kan verbrokkel, het geblyk uit die leier van die Italiaanse Lega party, Mattio Salvini, se aankondiging dat ‘n nuwe groepering dalk tot stand kan kom tussen hom, en partye van Hongarye en Pole.

Hy beskuldig die huidige fraksie daarvan dat hulle na links beweeg het. Die huidige fraksie bestaan onder andere uit die Vlaams Belang, Oostenrykse FPO, Duitse AfD en Franse RN.

Inmiddels word daar ‘n algehele boikot uitgevoer teen Marine le Pen van Frankryk en Salvini glo dat ‘n nuwe groepering dalk die geïsoleerdes kan insluit.

---

## Marine le Pen lank nie uitgeskakel

Linkses in Frankryk het die skok van hulle lewe gekry toe ‘n meningsopname deur Louis Harris getoon het dat die regse mev. Marine le Pen kop aan kop loop met die huidige sosialistiese president, Emmanuel Macron. Slegs twee persentasiepunte skei hulle van mekaar, en Le Pen loop voor.

Volgende jaar is daar weer ‘n presidentsverkiesing in Frankryk en volgens alle aanduidings gaan Le Pen haarself weer verkiesbaar stel. Tydens die vorige verkiesing het sy in die ingewikkelde en soms selfs onbillike kiesstelsel gevorder tot in die finale rondte, en daarmee reeds die linkses tot naby waansinnigheid gedryf. Dit wil voorkom of die geskiedenis in die opsig herhaal gaan word.

Le Pen het na die vorige verkiesing ‘n nuwe party gestig en hulle beeld verbeter, wat vertroue gee by die kiesers. Alhoewel Macron in wese ‘n sosialis is, probeer sy LREM party ‘n soort middeweg volg en kiesers weet gevolglik nie waar hulle staan nie.

*Marine le Pen*

---

## Vreemdelinge groot verkragters in Swede

In ‘n onlangse studie in Swede is bevind dat uit die meer as 3 000 mans wat skuldig bevind is, sestig persent eerste of tweede generasie immigrante is. In 2019 is 8 820 verkragtings aangemeld, wat ‘n styging is van 44% sedert 2010. Die helfte van die verkragtings is uitgevoer deur buitelandse mans, terwyl ‘n verdere 10% uitgevoer is deur mans met ‘n immigrante agtergrond, aldus die navorsingspan van die Universiteit van Lund.

Diegene met ‘n immigrante agtergrond, is 34,5% afkomstig uit Noord-Afrika en die Midde-Ooste, 19,1% van elders uit Afrika en 15% uit Oos-Europa.

Die helfte van die veroordeelde verkragters was reeds voorheen skuldig bevind aan geweldsmisdade, en ‘n derde was nog betrokke by sekere sosiale aanpasbaarheidsprogramme.

Die jongste Sweedse navorsing is in lyn met vroeëre navorsing wat uitgevoer is in Noorweë, Finland en Denemarke en toon dat immigrante oorverteenwoordig is, dat hulle die meerderheid verkragters uitmaak terwyl hulle die minderheid van die bevolkings uitmaak.

## Denemarke gee uitlanders trekpas

Denemarke het die eerste Europese land geword wat besluit het dat buitelanders na hulle lande van herkoms moet terug gaan. Die regering het daarom 94 Siriese vlugtelinge se verblyfpermitte teruggetrek. ‘n Verdere 350 gaan waarskynlik binnekort ook moet gaan.

Denemarke is van mening dat Damaskus en omliggende gebiede nou veilig genoeg is en dat hulle nie langer die Deense beskerming nodig het nie.

MattiasTesfaye, die Deense minister van immigrasie, het dit duidelik gestel dat die verblyfpermitte net tydelik was, en dat Denemarke sy arms oopgemaak het vir Siriese vlugtelinge. Wanneer toestande in die land van herkoms verbeter, moet ‘n vlugteling huis toe gaan, is sy standpunt. Dit is in skrille kontras met die beleid van Angela Merkel van Duitsland wat vlugtelinge feitlik deur die bank permanente verblyfreg gee, en daarmee die bevolkingsamestelling van Europa permanent verander het.

*MattiasTesfaye*

---

## Gaan VSA uitmekaar val?

Net na die verkiesing van die ver-linkse Joe Biden as die nuwe Amerikaanse president, was daar van die konserwatiewe state binne die Verenigde State van Amerika wat begin ondersoek instel het na die moontlikheid om hulleself uit die VSA te onttrek en onafhanklike state te word.

Joe Biden het in sy jonger lare homself al laat blyk as ‘n absolute vyand van die blankes en by name die Afrikaners, in Suid-Afrika. Sy beleid is uiters liberaal, en ook in Amerika is daar steeds meer weerstand teen hom aan die opbou, selfs binne die eerste 100 dae van sy ampstermyn.

Biden het skynbaar goed by sy ANC-vriende geleer, en het begin om slegs boere “teen wie daar voorheen gediskrimineer is”, te help. Dit beteken dat blanke boere geen hulp van die Biden-administrasie gaan ontvang nie.

Sogenaamde “sosiaal-benadeelde” boere gaan nou, as deel van die ekonomiese herstelplan na Covid-19, kwytgeskeld word van honderde duisende dollar, sonder dat daar enige voorwaardes aan gekoppel gaan word.Sukkelende blanke boere is nie daarop geregtig nie.

Teenoor die ver-linkse Biden het die goewerneur van Arkansas, Asa Hutchinson, wetgewing onderteken wat alle aborsies verbied behalwe in mediese noodgevalle. Die maatreël sal dié land se strengste aborsieregulasie wees. Die Arkansas-aborsieverbod maak geen uitsonderings in die geval van verkragting of bloedskande nie en is selfs strenger as die aborsie-beperkings in Suid-Carolina en ander state.

Politieke waarnemers glo dat wesenlike verskille tussen state en sentrale gesag nie volhoubaar is nie en kan lei tot ernstige konflik, met selfs moontlik afskeiding.

---


**HUTTEN-BUCHDIENST**

Posbus 7234, Pretoria, 0001
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za
hutten.buchdienst@gmail.com
012 807 0434

**WERDA GASTEHUIS**
*Upington akkommodasie*

Perfek vir ‘n blaaskans op pad na Namibië of Namakwaland. Ons bied billike selfsorg-akkommodasie vir enkelinge tot gesinne van 6. Alle kamers is toegerus met lugverkoeling, DStv, ‘n klein kombuisie met yskas, mikrogolf en ketel. Eetgerei, linne en handdoeke word voorsien.

Normale prys: R400 vir 2 persone - spesiale afslag vir lesers van ***Die Afrikaner.***

***082 338 0934 / admin@werdakamers.co.za***

# “Studente, praat Afrikaans!”

"So het die multi-kulturalisme gelei tot een Engelstalige getransformeerde kultuur en die inklusiwiteit tot die uitsluiting van die eens eie. In plaas van al die twakpraatjies oor inklusiwiteit ens. behoort die Afrikaanse studente soos een man hulle rug styf te maak en Afrikaans te praat."

Dit was die leier van die HNP, mnr. Andries Breytenbach, se kommentaar nadat dit bekend geword het dat die eens Afrikaner Universiteit van Stellenbosch met die mees drakoniese taalbeleid denkbaar navore gekom het.

Twee vrouekoshuise het die voortou geneem om Engels in elke Afrikaanssprekende student se keel af te druk, soveel so dat studente nie eens onder en met mekaar Afrikaans mag praat nie. Selfs as ouers kom besoek, moet Engels gebesig word.

## Binnelandse Nuus

Die universiteitsowerhede se reaksie hierop was onbetekenend lou. Hulle wil net “inklusiwiteit” en “meertaligheid” bevorder, maar in werklikheid word meertaligheid by die agterdeur uitgegooi ter wille van Engels.

‘n Kenner het aan ***Die Afrikaner*** gesê dié universiteit het die vorige hofsake teen sy taalbeleid heel moontlik op bedrieglike wyse gewen, juis om sogenaamde meertaligheid en inklusiwiteit te bevorder. Die Grondwetlike Hof het die universiteit in 2019 daarin gelyk gegee, maar nou is meertaligheid uit, terwyl Afrikaanse studente al meer vreemd en uitgesluit voel.

# Vrae oor “Wingerdooreenkoms”

Vraagtekens en ongemak bestaan in sekere Afrikanerkringe en ander organisasies oor die ooreenkoms wat die Solidariteit-beweging geteken het met die Thabo Mbeki-stigting.

Die ooreenkoms, waarna in ligter luim verwys word as die Wingerdooreenkoms, is geteken by die Vineyardhotel in Nuweland, waarheen ongeveer 12 van die Solidariteit-gekoppelde organisasies heen gegaan het vir ‘n tweedaglange beraad.

Die vermoede is dat daar reeds voorheen verkennende gesprekke in geheimhouding gevoer is, want dit is uiters selde dat ‘n ooreenkoms van dié aard so vinnig opgestel en geteken word deur uiteenlopende partye. Na verneem word is gesprekke in dié verband al sedert 2014 aan die gang.

Aan die een kant is daar organisasies uit die burgerlike samelewing wat gekrenk voel, omdat hulle oor die hoof gesien is met die proses, omdat hulle van mening is dat hulle ‘n bydrae sou kon lewer.

Aan die ander kant is daar ‘n aantal organisasies wat nog kan onthou van die groot Afrikanerberaad van 3 November 2012, waar besluit is om “Koördinasie en aansluitende samewerking” tussen Afrikanerorganisasies te verkry, en waarvan Solidariteit hom gedistansieer het. Latere gesprekke om Solidariteit by voortgaande gesprekke te betrek, het op ‘n koue skouer uitgeloop.

Een van die deelnemers aan daardie beraad het aan ***Die Afrikaner*** gesê: “Hoeveel kon nie bereik word in hierdie 8 jaar wat nou verby is, as kragte bymekaar kon kom met ‘n duidelike vryheidsideaal vir die Afrikanervolk nie. Een van die praktiese voorstelle by die Afrikaner Strategiese Komitee (ASK) was bv. ‘n regse dagblad... ek dink dit sou kon gewerk het met fondse en personeel wat bymekaar gegooi word. Net een voorbeeld.”

Net ná die Wingerdooreenkoms het dit geblyk dat ‘n onderneming daaruit is dat Solidariteit die Lovedal Press in Alice gaan help red. Dit is ‘n drukkery wat in 1863 die eerste Xhosa-koerant gepubliseer het – so die teenoorgestelde van ‘n eie vrye Afrikanerkoerant.

In die ooreenkoms het Solidariteit te kenne gegee dat Afrikaners se kundigheid nodig is om die land op te bou en te laat werk, en dat hulle nie vreemd wil voel in eie land nie. In die ooreenkoms word erkenning gegee aan moedertaalonderrig en die Afrikaners as kultuurgemeenskap. Hierop sê mnr. Andries Breytenbach, HNP-leier, dat die Afrikaners meer is as net ‘n minderheid of ‘n kultuurgemeenskap: dit is ‘n volk in eie reg met regte.

# Brande verwoes al meer geskiedenis

'n Aantal onverklaarbare brande het die laaste tyd groot verwoesting aangerig en erfenisskatte is vernietig.

Die jongste is die Fort Beaufort Museum wat totaal afgebrand het. Dié museum beeld die lewenswyse uit van die mense in die 1820's. Die gebou self dateer uit die vroeë 1800's. *(Foto's hieronder)*

Die museum het onder andere 'n volledige lys name gehad van alle Britse soldate wat in die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika was, en het ook 'n groot wapenversameling uitgestal, insluitend twee kanonne voor die ingang wat uit 1814 dateer.

Die landdroshof van Alice is ook in puin gelê deur 'n brand en, behalwe die historiese gebou, is talle dossiere vernietig en kan dit die regspleging by dié hof ernstig benadeel.

Op Lydenburg is die polisiekantoor afgebrand deur ontevrede inwoners wat aan 'n protesaksie oor dienslewering deelgeneem het, en wat, soos in die meeste gevalle, ontaard het in geweld en vandalisme. Privaat eiendom is ook in die proses beskadig.

# Doen jou werk en word vervolg

As jy R238 000 vir 'n houtbesem betaal, R80 000 vir 'n knie-skerm wat gewoonlik R80 kos, of R28 vir 'n rol toiletpapier en jou baas skors jou hangende 'n ondersoek, is die baas in die moeilikheid.

Dis presies wat nou by Eskom gebeur. Die persoon in beheer van aankope, ene SolluTshitangano, is deur die uitvoerende hoof, mnr. Andre de Ruyter geskors as 'n voorkomende maatreël terwyl daar 'n ondersoek teen hom plaasvind.

De Ruyter het aan Tshitangano 'n doelwit gestel om "slegs" 4% van R140 miljard se aankope te bespaar. Tshitangano kon dit egter nie regkry nie en het steeds verdagte transaksies laat deurgaan soos reeds vermeld.

Tshitangano is egter nie ingenome met sy skorsing nie, en het 'n klagte teen De Ruyter ingedien en dié van rassisme beskuldig - die ou kaart wat telkens gespeel word om die blaam te verplaas na ander.

Mnr. Andries Breytenbach, HNP-leier, sê so iets is te wagte, aangesien Tshitangano nou niemand meer kan bevoordeel nie. Hy het die hoop uitgespreek dat mnr. De Ruyter hom nie hieraan moet steur nie.

**Om *Die Afrikaner* uit te gee, kos geld.**
**Met u finansiële bydrae kan u ons help om daarin te volhard.**
**Ondersteun ons asseblief!**

Skenkings kan inbetaal word op die HNP se bankrekening.

Die besonderhede is soos volg:
**Absa** Tjekrekening. Naam van rekening: **HNP**
Takkode: 632 005 Rekeningnommer: **020 001 348**
Verwysing: **U Van en Voorletters**
Stuur bewys van betaling na admin@hnp.org.za

***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van 'n heelwat jonger Lettie aan 'n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans ingeperk sit in 'n ouetehuis..

*Liewe sus Katrien*

Vanoggend toe ek besig was om die laaste klompie breekgoed in kartondose te verpak, staan ek en dink aan die besige tydjie wat verby is.

Ons het toe weer onder die groot boom vergader en vleis gebraai en die groot verrassing was dat nie slegs ons vriende wat aanvanklik uitgenooi is, opgedaag het nie, maar ook 'n paar van hulle vriende sodat al twaalf persele nou bespreek is.

Afgesien van hulle, het die twee dames wat destyds die tuisnywerheid bedryf het, ook opgedaag. "Ons is hier, want ons harte lê hier, ons weet net nie of ons kans sien vir 'n hele stuk grond nie, sê Sienie. "Maar toe daardie vrou my weer 'n oumensie noem, het ek voor haar gaan staan en gevra of ek soos 'n verdwaasde grys tinktinkie lyk, " vertel sy terwyl haar stewige gestalte opstaan van die kampstoel.

"Sienie en Sarie, sou julle lus voel om in die ou opstal te kom woon?" vra Servaas. "Maar daar is 'n vangplek aan. Julle weet van ons plan dat elkeen wat hier kom woon, iets moet produseer, al brei hulle net sokkies. Kyk, langsaan die huis is 'n groterige ou skuur wat ons gedink het kan dien as ons handelspos vir die produkte maar ook 'n lekker koffiehuis vir ons almal kan wees. Wat sê julle? Sien julle kans om dit te bedryf?"

"Servaas, as jy nou vir die parlement staan, stem ek jou in as president! " sê Sarie terwyl Siena hom oopmond aankyk.

Van iewers het Naas verskyn. "Ons het my ouma se stoof op die bakkie en ook die ysterdeur vir 'n bakoond."

"Dis 'n regte swart Union no.8, kom dit van Neels. "En as die waterpype klaar is, kom bou ons vir julle 'n bakoond."

"Die huurders is reeds uit, dus kan julle intrek sodra julle eie dingetjies agtermekaar is, " sê Servaas. Maar kom laat ons nou eers gaan sit en sake bespreek."

Gabriël was mos 'n regsgeleerde. Hy en Servaas het gedurende die week hard gewerk om die grondbegindels en sakeplan van die Volkstaat reg te kry. Daar is besluit om dit ook as 'n maatskappy met aandele wat die erwe verteenwoordig, te stig, soos wat bewys is in ander gebiede dat dit 'n werkbare grondslag vorm. Dit word aan almal verduidelik en daarna word praktiese probleme bespreek.

"Julle kan bou net wat julle wil. Ons twee het besluit om skeepsvraghouers te gebruik," verduidelik Servaas. "Net een ding moet almal goed besef. Ons gebruik geen dienste wat die owerheid lewer nie. Elkeen moet sy eie krag opwek, eie riool hê en sorg vir eie vuilgoedverwydering. Julle weet reeds dat ons sterk boorgatwater het, wat nou na elke perseel aangelê word. Dis ook belangrik dat elke huis goed beveilig word.

"Ons beplan buite-om 'n heining van diefwerende plante en doen nog navorsing....."

"Sienie! Sienie, kom help asseblief, jy was mos ook 'n verpleegster... Sarlot is besig om te bokkie en ons weet nie wat om te doen nie!" Hyg Neels.

"Ek kom, Neelsie!"

Oe, dink ek, hier kom 'n ding. En ons het nie eens 'n predikant in ons midde nie."

"Vrou," sê Servaas. "Ek ken vir jou. Jy beter liewers ander dinge dink."

"Dis twee!" kom Naas juigend aan. "Hansie en Grietjie is hier!"

"Ek sal moet draad span om my groentetuin," brom Petrus in sy koffiebeker. "Drie bokke vreet baie groente."

Servaas loer onderlangs vir my met 'n glinster in sy oog. " Kaasfabriek, Vroutjie!""

Laat ek tog klaar ingepak kry, ons nuwe blyplek staan al byna gereed.

Groete vir ou Swaer
Jou liefhebbende
***Sus Lettie.***

# Woord en wêreld

## Ons sal moet sterf voor ons kan lewe!



**Skrifgedeelte:** *Lukas 9:24: Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red.*

***Dr. Gideon Grobler***

**Oordenking**: Dit sal goed wees om die hele perikoop te lees, ek kan dit nie hier plaas nie.

As iemand 'n skietyster teen u kop sou druk en sê: kies net een ding, wat wil jy die graagste hê? Wat gaan u en my antwoord wees? Ons moet ook dieselfde vraag as volk vra.

Baie moontlik sou die meeste individue antwoord: net 'n lewe om te geniet, en as volk seker ons vryheid. Wanneer ons luister na die tema van die gebedsgeleenthede wat periodiek in ons land aangebied word, gaan dit oor ons redding.

Sou baie graag meer oor dié onderwerp wou uitbrei, maar hier laat die ruimte ons dit nie toe nie. Is ons bereid om alles wat vir ons kosbaar is as volk prys te gee ter wille van die eer van God? Dit sou immers die toetsvraag wees.

Is ons regtig begaan oor die eer van ons hemelse Vader of gaan dit net oor ons redding? As 'n mens kyk na wat gebeur (of nié gebeur nie) in die samelewing (ook in ons kerke) na swart Maandae, verootmoediging geleenthede en nog meer, maak dit 'n mens bekommerd. Daar is immers geen verandering as dit kom by ons volk se lewensstyl nie. Neem net die dag van die Here as voorbeeld. Uit ons optrede en reaksie word dit duidelik dat dit in wese oor óns gaan en nie die eer van God nie! Ons kan by bogenoemde vers ook Matt. 6:33 voeg wat sê: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Daar is 'n duidelike prioriteitsvolgorde!

**Gebed:** Hemel Vader ons kom na U in die woorde van die profeet Joël, laat ons asseblief Vader ons harte skeur en nie ons klere nie, en bekeer ons tot die HERE onse God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil;

AMEN


**Moeg vir die stad en sy gejaag?**

Breek weg vir 'n naweek, middeweek of vakansie by

# Voorbegin Bosveldverblyf

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone). **(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.

## Eise al hoe belagliker

Skaars wil dit lyk asof die ekonomie weer effens aan die gang kom nadat Cyril Ramaphosa in opdrag van sy Wêreld Gesondheid Organisasie die land toegesluit en die ekonomie feitlik vernietig het, of daar kom weer “demands”.

Ons eis dit en ons eis dat, maar moet net nie dat van ons geëis word om te werk, produktief te wees en nie te verwoes as ons nie ons sin kry nie. Dit is mos maar hoe dit deesdae gaan met die werksmag, wat in al hierdie dinge sterk ondersteun word deur die kommunistiese vakbonde en bedmaats van ou Cyril.

Die Vereniging van Staatsamptenare, wat uiteraard staatsamptenare verteenwoordig wat laat by die werk kom, vroeg huis toe gaan, nie beskikbaar is nie of stelsels afskakel, groot salarisse kry en duur motors kan bekostig, het hulle “demand”-lysie opgestel. Dit sluit in ‘n verhoging van inflasie (tans beraam op ongeveer 4%), plus nog 4% (in totaal dus 8%), daarbenewens ‘n groter behuisingstoelaag (ses slaapkamerhuise raak bietjie beknop vir die uitgebreide familie) en dan ook meer verlof.

• *Soos HNP Dagbestuurslid Johan Wiesner onlangs droogweg opmerk: binnekort kry hulle 370 dae per jaar verlof.*

## Brand werksplek af

Daar by Phalaborwa se myn daag daar toe ‘n klomp op wat skynbaar werk soek.

Hulle is so ernstig daaroor dat hulle werk soek, en net om die moontlike werkgewers te beïndruk met hulle absolute lus om te begin werk, brand hulle sommer gou 'n gebou van die myn af.

Vra ‘n verbaasde Hermanus van der Schyff, hoofsekretaris van die HNP, hoe werk sulkes se koppe? Jy beskadig en tog verwag jy nou dat die mynbase sal sê "julle is ernstig en wil graag werk, kom maar in".

• *Geen regmatige denke nie. Alles moet met geweld gebeur. En dit lei tot groter werksverliese, maar ekonomie 0,101 is te hoog om te verstaan.*

---

## Lekker lagstof

As daar nog mense was wat kan dink dat die ANC ‘n land kan regeer, moet hulle waarskynlik ‘n toets vir seniliteit oorweeg.

**Sarel** gaan nou nie weer al die ou koeie van korrupsie, wanbestuur, stukkende paaie, beurtkrag, SAL, Prasa, Poskantoor wat takke toemaak, staatskaping, Guptas, diefstal en dergelike kleinigheidjies ophaal nie.

Nee, kyk net hoe regeer ‘n regerende party sy eie partysake en mense.

Ace Magashule, sekretaris-generaal van die ANC, tradisioneel die magtigste pos in die voormalige terroriste organisasie, staan tereg op klagtes van korrupsie, diefstal en **Sarel** weet nie wat alles nie. Die klagstaat is redelik lywig.

Sy baas, Cyril Ramaphosa, waaroor hy wat Ace is eintlik die baas is, het ‘n flouerige pleidooi gelewer dat partylede wat in strafhowe teregstaan, eerder moet “terugstaan” tot die saak afgehandel is. Maar toe byt Ace terug in Zuma-idioom: ‘n man is immers onskuldig tot die teendeel bewys word, en daarom sit hy waar hy sit.

Maar daar is skynbaar ander kandidate wat mik

*(Vervolg op bladsy 13)*

**HNP se landposadres**

**Posbus 18826, Pretoria-Noord, 0116**

*(Van bladsy 12)*

vir Ace se magtige pos in Shell Huis, of dalk ‘n meer senior ministerspos. Een van hulle is Fikile Mbalula, wat so van die een portefeulje hop na die ander een, omdat hy nêrens groot suksesse registreer nie. Deesdae is hy minister van Slaggate en Kabeldiefstal, wat in die ou dae “vervoer” genoem is.

Fikile vaar uit teen Ace, en onmiddellik is die slagordes opgestel. Intussen is ou Jacob Zuma steeds ‘n probleem, want hy gaan nie na die Zondo-kommissie nie, al het die Grondwet Hof gesê hy moet, en hy al dagvaardings geïgnoreer het. Die hele stelsel is bang om ou Jacob aan te vat, want waarskynlik weet hy meer van die delers wat hom as steler probeer brandmerk. Die ANC se Groot Ses ontbied vir Jacob Shell Huis toe en... hy daag nie op nie. Uiteindelik word ‘n Zoom-vergadering van iets soos sewe ure lank gehou, en die uiteinde is dat die Groot Ses vir Zuma nog ‘n kans gee om te herbesin.

As dit enige van **Sarel** se eie mense was, was hulle al lankal opgesluit vir minagting van die hof, selfs al was hulle nog nie skuldig bevind nie.

• *In enige party is daar seker maar verwikkelinge. Destyds in die ou NP was dit ook maar so. Maar die ontevredenes het vinnig die situasie opgesom en dan padgegee, soos die HNP wat slegs weke nodig gehad het om te sien hoe die liberale wind waai en toe uitgeklim het. Die KP het eers probeer “van binne af regmaak”, wat uiteindelik ook maar ‘n futiele oefening was. Maar in die ANC gebeur dit nie. Hulle maak daarvan ‘n aanskoulike politieke sirkus met hope stof om oor te lag. Net jammer die land as geheel kan nie oor die ANC se interne kaskenades lag nie...*

## Sirkus deel 2

So van ‘n sirkus gepraat, daar is die ander man met hoede wat ook sorg vir ‘n bietjie ontspanning, as hy nie mense warm onder die boordjie maak as hy hulle op strande wil arresteer nie.

Wat beteken ‘n minister as hy magte het maar nie magte gebruik nie?

Bheki Cele was self op sy tyd kommissaris van polisie. Onder George Fivaz, wat die oorgangskommissaris was, het die polisie gedemilitariseer. Militêre range is vervang met ander benamings, sogenaamd om die polisie meer vriendelik teenoor die publiek te laat oorkom. Toe Cele kommissaris word, is die rangtekens en militêre benamings terug, want Cele sou dus “Generaal Cele” word – tog heelwat meer indrukwekkend en magtig as net “Kommissaris Cele”.

Uiteindelik is dié generaal redelik oneervol “herroep”, net soos ‘n swetterjoel ander ook. **Sarel** verneem dat daar sedert 1994 so iets soos nege kommissarisse was, hetsy permanent of waarnemend, en slegs twee is nie herroep, afgedank of gearresteer nie, omdat hulle hul werk effe beter gedoen het as die ander. Een van hulle is die huidige kommissaris, Khehla Sitole.

Dit wil egter voorkom of Sitole die paadjie van sy meeste voorgangers gaan stap as Cele sy sin kry. Blykbaar is die twee nie meer sulke goeie maatjies as wat koerantfoto’s wil uitbeeld nie, en Cele het nou vir sy grootbaas Cyril, gevra om ondersoek in te stel of Sitole wel of nie geskik is vir sy pos.

• ***Sarel*** *sou tog werklikwaar dink dat ‘n bekwame minister op die eerste oogopslag sou kon sê of sy hoof uitvoerende beampte die werk kan doen of nie. Daarvoor hoef hy seker nie eers drie jaar te wag, en dan nog iemand anders se hulp in te roep nie? Maar nou ja, die sleutelwoord lê dalk by “bekwame minister”...*

# Lesers sê hul sê

**Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*. Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg. Briewe met 'n laster-like of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie.**

***(Red.)***

## Dink en doen vreesloos

Ek wil net weer dankie sê vir ***Die Afrikaner***...! Dankie dat u nie konformeer, maar vreesloos sê.

Ek reken ook dat elke regdenkende Afrikaner sy sê in eie kring moet sê. Eerlik, vreesloos. Hierdie boodskap het ek op ons plaaslike 'WhatsApp-groep' gesit, in die hoop dat iemand daarop sal ag slaan. Ná 'n oproep om besware teen onteiening...

Ons het 'n kommunistiese regering: staat neem besit van alles. Dis waartoe RSA toestemming gegee het in 1994. Ons moet ons besware lug. Maaaaar... jammer om almal se "bubble" te blaas - die regering van die dag lag vir ons. Ons sal moet besef, die beperking van beweging met die Covid-gemors, is maar die begin van baie meer beperkings en beheer oor alles.

Alles die resultaat omdat ons bereid was (en is) om - ter wille van gewaande voorspoed- met godloënaars te onderhandel. Ons sal baie meer as net ons besware moet lug... Ons sal ons voor God moet verootmoedig en besef dat ons ons laat mislei het. Word wakker en besef dis 'n anti-Christelike mag waarmee ons te doen het, en wees wys. Dink! Kom tot inkeer! En vertrou, die oorwinning word nie deur menslike mag behaal nie (Ps. 33).

Ek bid ons hemelse Vader se seën en beskerming oor u almal. En onthou, ons moet dink en doen!

***Rita van Antwerpen***
*Per e-pos*

## Sien uit na *Die Afrikaner*

Baie dankie vir die vorige uitgawe van ***Die Afrikaner***. Ek waardeer dit regtig en sien baie uit na elke nuwe uitgawe!

Vriendelike welkom aan al ons nuwe lesers, ons by die HNP is 'n hegte gemeenskap wat mekaar help, en ek is baie bly vir ons matrikulante uitblinkers!

Soos u sê, dit is net verder 'n tekenende bewys dat die verskillende bevolkingsgroepe nie saam hoort nie, hetsy in die politiek, akademie of sportspanne.

Met dankie en vriendelike groete, op pad na ons Volksvryheid!

***Christiaan Els***
*Per e-pos*

---

## Bou Mekaar

Met verwysing na die vorige uitgawe van ***Die Afrikaner*** net die volgende:

Eerstens dankie vir die tydskrif. Dit is jammer dat ***Die Afrikaner*** ook die slagoffer geword het van die nuwe ruwe Suid-Afrika waar die verval op vele terreine merkbaar is. Dit is verstaanbaar dat die bestuur nie meer kon voortgaan met die netjiese glanstydskrif nie, enersyds om finansiële redes, andersyds, soos ek verstaan, omdat die Poskantoor eenvoudig nie meer kon presteer met aflewerings nie. Tog waardeer die feit dat u voortgaan met u werk.

Die Kommentaar in die vorige uitgawe onder die opskrif "Help mekaar" het sekere punte tereg aangesny. Aan die een kant wys dit op die Hanskakies wat steeds in ons volk teenwoordig is, maar aan die ander kant wys dit ook op die ware Boerebloed wat steeds oor die Drakensberge wil gaan en die visie van 'n beter lewe het.

In hierdie tye moet ons mekaar nie net help nie. Ons moet mekaar bou: veral geestelik en moreel, en die brekers of smelters met die bestel uitskei.

***(dr) AW van Dyk***
*Pretoria*

# Staatsgrond

*(Van bladsy 1)*

reeds verouderd, en daar kan aangeneem word dat hierdie syfer al baie naby aan 60% staan.

Dit beteken dat die staat nie nodig het om enige grond te onteien ter wille van sogenaamde grondhervorming nie, veral ook omdat meer as 95% van die kunsmatige grondhervormingsprosesse reeds 'n klaaglike mislukking was waar grond onbenut gelaat is en infrastruktuur gestroop is. TLU SA het reeds enkele jare gelede gesê dat die staat nie nodig het om kommersiële landbougrond te onteien nie en dat onbenutte staatsgrond eerder gebruik moet word vir nuwe toetreders wat wil en kan boer. Hierdie syfers is 'n bevestiging daarvan.

Intussen gaan daar nog enkele mondelinge voorleggings gemaak word voordat die wetsontwerp oor onteiening sonder vergoeding gefinaliseer word. Die komitee wat dit hanteer moes sy verslag middel Maart afgehandel het, maar sal dit nou eers einde Mei doen. Politici en landbouleiers het egter nie veel vertroue in die voorleggings nie en sê die regering het klaar besluit om die wet te aanvaar en die verdere proses is net paaiery en oëverblindery.

# Program van Beginsels

*(Van bladsy 5)*

reg as *Nasionale Party,* d.w.s. as "volksfront van die Afrikanerdom", soos dit in sy beginsels uitgedruk was, kon voortbestaan nie.Selfs al het dit die NP-naam behou. Die NP wat ons geken het, het homself in wese vernietig en moes herstig word. Die nuwe party sou daardie rol vervul en vandaar die naam Herstigte Nasionale Party.

Tydens die stigtingsvergadering is ook ander name vir die nuwe party van die vloer af voorgestel. Veral mnr. Jaap Marais het by dié geleentheid 'n sterk motivering en pleidooi vir aanvaarding van die naam "Herstigte Nasionale Party (HNP)" gelewer. Mnr. Marais was 'n persoon wat altyd aansluiting by die geskiedenis gevind het. Die akroniem 'HNP' het op sigself nog die ouer geslag wat die politieke woelinge van die dertiger- en veertigerjare geken het, se sentimente geroer, want nadat genl. Hertzog met Smuts gebreek en uit die Verenigde Party (in die volksmond sommer Smeltersparty genoem) getree het, het hy met sy volgelinge weer met dr. Malan se Gesuiwerde Nasionaliste herenig en die Herenigde Nasionale Party (HNP) gevorm. Afgesien van die sentiment met die naam, was die nuwe HNP van 1969 'n voortsetting van die historiese lyn wat ons volk se nasionale strewe na vryheid en volkskap sedert sy ontstaan gekenmerk het. Deur die HNP word daardie lyn tot in die hede ononderbroke deurgetrek.

In die naam 'Herstigte Nasionale Party' was ook 'n beskuldiging en verwyt teen die toe bestaande Nasionale Party opgesluit: hulle was nie meer Nasionale Party in die ware sin van die woord nie; hulle het hulle karakter verloor en die naam as 'n valse dop behou. Geen wonder dat hulle die HNP so gehaat het nie. Nogtans het die erkenning dat ons reg was, later gevolg toe hulle die 'Nuwe Nasionale Party' geword en uiteindelik van die toneel verdwyn het. Hóé waar en korrek het die verloop van die geskiedenis in die minder as 25 jaar wat op die stigting van die HNP gevolg het, dr. Hertzog en sy medestigters van die HNP tog nie bewys nie!

**Die Afrikaner**

As gevolg van Swart bevoordeling in die ekonomie, verloor Witmense deurlopend hulle werk of bestaande kontrakte. Diesulkes moet 'n manier kry om die pot aan die kook te hou.

Kom ons as blanke sakemanne vat hande en ondersteun mekaar: ek help jou en jy help my.

**Hoe doen ons dit?**

Vir slegs R300 per maand is ons bereid om u sake-onderneming te adverteer.
U stel self die advertensie in Afrikaans op (10cm X 6cm) en stuur dit aan
admin@hnp.org.za

**Ons plaas u advertensie**

1. in elke uitgawe van ***Die Afrikaner***,
2. een maal per week op ***Die Afrikaner*** se Facebook-blad, en
3. stuur dit een maal per week per e-pos aan 'n lys van mense met e-adresse. (Die lys het tans ruim meer as 1000 adresse en groei deurlopend.)
4. Teken u op ***Die Afrikaner*** in om elke uitgawe van die blad te ontvang (per landpos of e-pos: u keuse) vir solank as wat u adverteer.

***Afrikaners help mekaar!***
***Is u bereid om deel van dié te word?***

Skakel gerus met Juanita by
**admin@hnp.org.za**

# Politieke oorgawe aan die ANC

- Wat was die redes dat 'n suksesvolle en vooruitstrewende Suid-Afrika aan 'n onbevoegde en kommunistiese regime oorhandig is tot vernietiging van Suid-Afrika as Eerste Wêreldland?
- Kon dié vernietigende politieke proses gestuit word?
- Watter rol het die HNP in dié proses gespeel?

**Dié politieke geskiedenis is nou in boekvorm en op video beskikbaar. Hierdie waardevolle en insiggewende politieke geskiedenis van die laaste 50 jaar is van onskatbare waarde vir elkeen vandag en vir die nageslag.**

# Koop u album, video of geheuestokkie NOU

## 'n Politieke voëlvlug oor 50 jaar

- Hierdie gedenkalbum beslaan 388 A4-bladsye.
- Dit is op glanspapier gedruk met kleurfoto's.

R600 per boek.

**R100 koerierkoste**

Bestel by **info@hnp.org.za**

## "Sy doodkry was (nog steeds) nie"




'n Stel van 8 DVD's (ook op 'n geheuestokkie) oor die politieke ontwikkeling oor dié afgelope 50 jaar en die rol van die HNP om die oorgawe aan die ANC te probeer keer.

Die vertellings word gestaaf deur unieke foto- en lewendige videomateriaal uit dié era.

R800 per stel van 8 DVD's (netjies verpak) of 'n geheuestokkie.